Geagte Ouer

Soos belowe in ons aanvaardingsbrief aan u, sluit ons hierby alle inligting in wat jou kind vir volgende jaar benodig. Ingesluit is inligting t.o.v. skoolgeld vir 2012 waarvan u deeglik moet kennis neem. Die volgende word aan u kind gerig :

Geagte Graad 8-vriend

1. ORIËNTERINGSDAG: DINSDAG 10 JANUARIE 2012

Om seker te maak dat jy nie heeltemal vreemd is wanneer jy Woensdag 11 Januarie by die skool instap nie, moet jy asseblief reeds Dinsdag 10 Januarie om 09:00, in skoolklere, by die skool aanmeld. By hierdie geleentheid sal julle Graadhoof vir 2012 belangrike inligting aan julle verskaf terwyl die Monitorbestuur julle die binnekant van die skool sal wys. Julle sal om 11:00 gereed wees om huis toe te gaan.

2. ORIËNTERINGSNAWEEK

Die Graad 8-oriënteringsnaweek word volgende jaar tydens die naweek van 13 Januarie (Vrydag) en 14 Januarie (Saterdag) 2012 by die skool aangebied. Daar word van alle Graad 8-leerders verwag om die geleentheid by te woon. Julle slaap die Vrydagaand, onder toesig, by die skool en die geleentheid word die Saterdagaand met 'n funksie saam met julle ouers afgesluit.

Die koste verbonde aan die oriënteringsnaweek beloop R180 en sluit etes in. Die geld is betaalbaar op Donderdag 12 Januarie, waartydens die volledige program aan julle verskaf sal word.

3. HANDBOEKE EN SKRYFBEHOEFTES

Handboeke en skryfbehoeftes word nie by skoolgeld ingesluit nie, en moet self aangekoop word. Dit is belangrik dat alle leerders reeds aan die begin van die nuwe skooljaar oor alle handboeke en skryfbehoeftes sal beskik.

Let asseblief ook daarop dat die skool nie tweedehandse handboeke verkoop nie. Verkope van tweedehandse handboeke is dus 'n privaatreëling tussen individuele leerders/ouers. Maak in so 'n geval seker dat dit die korrekte voorgeskrewe handboek(e) is.

Voorgeskrewe boeke (Literatuurstudie) word deur die skool aan die leerlinge verskaf, maar bly die eiendom van die skool. Die koste vir beskadigde of verlore boeke sal van die leerlinge verhaal word. Voorgeskrewe boeke moet dus met plastiek oorgetrek word en netjies gehou word.

4. FRAMESBY-JAARBEPLANNER

Die Hoërskool Framesby publiseer sy eie huiswerkdagboek waarin belangrike datums rakende eksamens, toetsreekse, sport- en kultuur-aktiwiteite, ens. aangebring is. Ons verwag dat elke leerling een sal koop, en wil jou dus vra om nie 'n ander huiswerkboekie vir 2012 aan te skaf nie. Dit sal aan die begin van die skooljaar teen R50 by die skool verkoop word.

5. TWEEDEHANDSE SKOOLDRAG

Die Framesby Klerewinkel is vir algemene verkope oop op die volgende dae :

Skoolkwartaal :	**Elke Dinsdag vanaf 14:00 – 16:00**	
	Elke Woensdag vanaf 12:00 – 14:30	
	Elke Donderdag vanaf 16:00 – 17:30	

ASOOK spesiale datums wat die Klerewinkel oop is :

(skole heropen onderwysers) :	**Maandag**	**9 Jan 2012**	**9:00 – 12:00**
(skole heropen Gr 8's) :	**Dinsdag**	**10 Jan**	**9:00 – 12:00**
(skole heropen almal) :	**Woensdag**	**11 Jan**	**12:00 – 14:30**
	Donderdag	**12 Jan**	**16:00 – 17:30**

Te koop in die Klerewinkel, is nuwe atletiekdrag, krieketdrag asook skoolsykouse (44 desitex) en skooltruie. Nuwe kleurbaadjies, dasse en hemde word deur Schultz en Birch's verkoop. Hulle verkoop ook skoolsweetpakke, grysbroeke en skoolrokke asook rugbyklere. Die klerewinkel hanteer geen verkope van rugbytruie nie.

6. DOKUMENTASIE

Op 11 Januarie 2012 moet jy die volgende dokument saambring:

- **Graad 7 finale rapport**

7. SKOOLGELD – 2012

Na die Algemene Ouervergadering op Donderdag 24 November 2011 is die skoolgeld van R10 850.00 per jaar goedgekeur. Dit is betaalbaar oor 10 maande en indien u dit voor of op 28 Februarie 2012 ten volle vereffen, kry u 10% afslag.

Ingesluit is die baie belangrike Invorderingsbeleid van die skool waarvan u deeglik kennis moet neem.

Ons sien uit daarna om jou te ontmoet en vertrou dat jy baie gelukkig by ons sal wees.

Framesby-groete.

_____	_____
J. Stroebel	**M. Thomas**
SKOOLHOOF	**GRAADHOOF:**
	GRAAD 8 - 2011

30 November 2011